

Donderdag 18 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 11:1-27

Fokusgedeelte: Johannes 11:25-26

Jesus is die Lig in die duisternis

Jesus gebruik 'n verskeidenheid van vergelykings om Homself te openbaar. Ons sien Hy noem Homself byvoorbeeld die Goeie Herder (Joh. 10), die Deur (Joh. 10), die Brood van die Lewe (Joh. 6), die Weg, die Waarheid en die Lewe (Joh. 14). Ook in hierdie gedeelte openbaar die Here drie dinge oor Homself:

- *Lees vers 9-10.* Dit lyk vir ons na 'n vreemde stelling. Wat kan dit beteken? Dit beteken dat God 'n Raadsplan het wat vervul gaan word binne die tyd wat Hyself daarvoor bepaal het. Jesus Self hou ook daaraan vas. Hy hoef Hom nie te bekommer oor die Joodse Raad nie, want alles gebeur binne 'n sekere tyd. Verder beteken dit dat God die Lig is waarin ons wandel. Ons sal ons nie stamp as ons in sy Lig wandel nie. Dit beteken nie niks sleg sal met ons kan gebeur nie; dit beteken dat sy Lig ons pad verlig.
- *Lees vers 25-26.* 'n Tweede ding wat Jesus hier oor Homself openbaar, is dat Hy die Opstanding en die Lewe is. Lasarus se opwekking wys dat Jesus mag het oor dood en lewe. Hierdie krag vind sy hoogtepunt in Christus se eie fisiese opstanding. Ons moet egter dieper kyk. Hierdie wonderwerk wys heen na sy eie opstanding as Eersteling uit die dood. Omdat Jesus die Eersteling is uit die dood, gaan ook ons opgewek word (vgl. 1 Kor. 15). Jesus is dus nie net die Opstanding nie, maar ook die Lewe. Letterlik gaan elkeen van ons wat in Jesus glo, vir ewig lewe! Lewe sonder pyn, hartseer en sonde vir ewig! Laat die gedagte insink vir 'n oomblik! Op grond van Jesus se lewe, kruisdood en fisiese opstanding het ons die lewe vir ewig.
- Jesus openbaar laastens ook hier dat Hy die Seun van God is! Die enigste vraag wat oorbly, is die vraag wat Jesus Self vra in vers 26: *"Glo jy dit?"* Kan jy vandag saam met Marta bely: *"Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom?"*

Sing: Psalm 23-1:1-3

Ds. IH Scholtz (Zak) (Bloempark)